# HOOFSTUK V

## SUID-SOTHO-DANSE EN DIE SILLABUS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

### INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar aandag geskenk aan die insluiting van Suid-Sotho-danse as deel van volksdans vir die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies in blanke skole. In 'n vorige hoofstuk is kriteria gestel vir die keuse van bepaalde Suid-Sotho-danse vir die volksdansprogram met inagneming van die inskakeling by die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding. Hierdie hoofstuk is toegespits op die vasstelling van die doel en waarde van etniese dans vir opvoedingsdoeleindes binne die huidige onderwysbeleid met inagneming van sosiaal-maatskaplike behoeftes en sillabusbepalings.

Opvoeding in die breë gesien, is bedoel om as basis en voorbereiding vir die toekoms van die opvoedeling te dien. Daar moet egter gedurig rekening gehou word met veranderende omstandighede en behoeftes. Die kwaliteit en doel van die opvoeding is onderhewig aan politieke en sosio-ekonomiese opvoedingmatrys of -gietvorm in die onafwendbare wêreldwye veranderinge. Skole en hul kurrikula kan nie afsydig staan van en immuun wees vir die druk en veranderinge in die ekonomiese en sosiale sisteme waarin hulle figureer nie (Kane & Groves, 1981:i,ii).

Die onderwys bly steeds nou gekoppel met kultuur. Die huidige ministeriële portefeulje vir onderwyssake heet trouens Departement van Onderwys en Kultuur. Die eerste aspek wat in hierdie verband aandag sal geniet, is 'n filosofiese bespreking van onderwys en kultuur. Enkele grepe uit die De Lange-verslag sal toelig hoedat beter begrip en waardering van ander volksgroepe wel moontlik kan wees as gevolg van sekere ingeboude doelstellings in die kurrikulum van vakke. Op hierdie wyse geskied dit implisiet en word dit duidelik gestel dat die onderwys as geheel nie eksplisiet gebruik

kan word om byvoorbeeld kultuur, ras of klasverskille af te breek nie.

Die toepassing van die onderwysbeleid en kulturele aangeleenthede van die onderwysdepartemente van twee provinsies, naamlik die Transvaal en die Oranje-Vrystaat, sal kortliks bespreek word. Hierdie departemente beoog kulturele ontwikkeling op die vlak van insig, kennis en waardering vir eie kultuur maar ook dié van ander etniese en volksgroepe. Dit word duidelik weerspieël in die aanbieding van immigrante-aande, die onderhou van volksdagvierings, die eerbiediging van die land se embleme, die uitbouing van jeugweerbaarheid (by implikasie geestesweerbaarheid) en die doelstellings van sekere vakke wat in die skole aangebied word.

'n Volgende aspek, sillabusse vir skoolvakke, sal toegespits word op die huidige beleid vir die opstel van sillabusse. Die totstandkoming van 'n nasionale Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies sal geskiedkundig geskets word om die huidige stand in perspektief te plaas.

Die opvoedkundige bydrae van volksdans en etniese dans sal na aanleiding van die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding bespreek word. Die bydrae van volksdans tot die kulturele ontwikkeling van die meisie kom ter sprake, en lei tot die bespreking van die insluiting van Suid-Sotho-danse in die blanke Sillabus van Liggaamlike Opvoeding vir Meisies. Die navorsingsbevindinge van die hersiening van die 1972-sillabus word kortliks uitgelig asook die beoogde vernuwing met spesifieke verwysing na die insluiting van etniese danse van Suider-Afrika in die dansafdeling van die voorgestelde program. Ten slotte sal implikasies vir die implementering van die Suid-Sotho-danse in die Liggaamlike Opvoedingprogram met betrekking tot inhoud, beplanning, onderrig en opleiding toegelig word.

## 1. ONDERWYS EN KULTUUR

Om te verstaan waarom die kwessie van kulturele opvoeding in die onderwys aandag geniet, is dit nodig om kortliks te besin oor wat met kultuur en meer spesifiek kultuur in die onderwys bedoel word. Die mens is volgens Steyn (1984b:3) in groepsverband by sy eie kultuur en kultuurvorming betrokke en Steyn verklaar verder:

> *"Volkskultuur kan dus omskryf word as die eiesoortige ideale, doelstellings, aktiwiteite, belangstellings en gedragspatrone van 'n bepaalde volk, onder leiding van 'n bepaalde lewensbeskouing, soos vergestalt in daardie volk se geloof, herkoms, tradisie, geskiedenis, kuns, wetenskap, literatuur, taal, politiek, ekonomie, arbeids-oriëntasie en industrielewe. Die kultuur van 'n volk of gemeenskap is dus nie net sy tradisies, volksliedjies, kuns en literatuur nie maar die totale arbeid en arbeidsproduk wat aan 'n volk eie is." (Steyn, 1984b:3)*

Elke kultuur is eie aan 'n bepaalde volk of kultuurgroep en dus bestaan die beginsel van differensiasie wat dui op die uniekheid en partikulariteit van die bepaalde volkskultuur. Die diepere lewensin figureer juis in die andersheid en eiesoortigheid van 'n kultuur wat dit vir die kultuurgenote kosbaar maak (Steyn, 1984b:4).

Volkskultuur is terselfdertyd aan integrasie of verryking onderworpe want volkskultuur staan nooit in algehele isolasie nie. Kultuur verander en ontwikkel deur voortdurende aanraking met ander volkskulture wat nie op meganiese wyse nie, maar op selektiewe wyse gekies en in die bestaande kultuur geïntegreer word sodat transkulturasie plaasvind (Steyn, 1984b:4). Hierin sien die onderwys die waarde van kulturele ontwikkelingsdoelstelling vir eie en ander kultuurgroepe in verskeie vaksillabusse. Volgens Steyn (1984b:5) geskied kultuurverryking wanneer daardie kultuuraspekte wat oorgeneem word in die bestaande kultuur inpas. Dit moet nie bots nie, maar moet aanvaarbaar wees vir die lewensbeskouing van die ander kultuurgroepe en deur die kultuurgroep in eie idioom verwerkbaar wees. Die verband tussen kultuur en

en kurrikulum sien Steyn (1984b:15) daarin dat die kurrikuleerders daardie leerinhoude uit eie en ander kulture moet kan kies wat vir die kultuurgroep die meeste waarde het en die beste aan daardie kultuurgroep se behoeftes voldoen.

1.1 Ondersoek na die Onderwys (De Lange-verslag)

In die De Lange-verslag (1981(1):19,20) word dit gestel dat die onderwys nie gebruik kan word as instrument vir die sosiale of ekonomiese opheffing van 'n bepaalde bevolkingsgroep nie, maar dat die onderwys bloot vir kennisoordraging verantwoordelik is om mense in staat te stel om hulle vir 'n lewensroeping voor te berei en die roeping uit te voer. Onderwys kan wel die eersgenoemde tot gevolg hê, maar die onderwys is nie wesenlik daarop gerig nie. Steyn (1984a) sê die kultuur is hier implisiet betrokke maar geen eksplisiete riglyne word gegee by die hantering van verskillende kultuurgroepe of by die hantering van kultuurverskille nie. Voorts stel hy dit duidelik dat daar in Amerika veral gepoog word om die onderwys te gebruik om klas-, ras- en kultuurverskille af te breek. Daar word voor die probleem te staan gekom dat die onderwys nie as middel hiervoor gebruik kan word nie. Indien kennis en waardering vir ander kulture as deel van die doelstellings van sekere vakkurrikula by die kind tuisgebring wil word, kan daar 'n beter begrip van ander volksgroepe wees en kan beter groepsverhoudinge aangemoedig word, aldus Steyn (1984a).

Een van die verwyderde en ook religieuse doelstellings van die opvoeding is om die kind tot 'n volwaardige mens te laat ontwikkel, sodat hy tot eer van God kan lewe en diensbaar vir die samelewing kan wees. 'n Aspek wat 'n deel van hierdie ontwikkeling en verryking van die kind se lewe is, is om sy insig van ander mense te vergroot. Dit kan tot 'n beter verstandhouding met ander en ook ander bevolkingsgroepe lei.

Die De Lange-verslag (1984(1):4) lê die volgende beginsel neer: *"Die onderwys verleen positiewe erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse*

*en die tale van die inwoners".* Volgens Steyn (1984a) verwys die gemeenskaplikheid na ooreenkomste en samewerking van die verskillende kultuurgroepe. Die diversiteit impliseer dat die verskillende kultuurgroepe ook verskillend is. Dit kan geïnterpreteer word dat die geleentheid gegee word en toestemming verleen word dat die kulture van die verskillende bevolkingsgroepe aangeraak mag word en die kennis van verskillende kulture oorgedra kan word.

Daar word egter geen direkte riglyne vir implementering in die De Lange-verslag (1981(6):27) gegee nie, maar die probleem van kultuur word net aangeraak in kurrikulering: *"Kurrikulering het ten grondslag die seleksie met en die ordening van kultuurinhoud en die omstelling daarvan tot onderwysinhoude".*

Kurrikulering is volgens die De Lange-verslag (1981(6):2) 'n funksie van die partikuliere kultuurinhoude wat die kultuurgroepe gemeenskaplik beoefen. Kultuur dui op die lewensaspekte wat 'n land se inwoners in gemeen het. Internasionale kultuur word beskou as universele kultuurinhoude en die totale sfeer van menslike kennis en bedrywe in alle tye. Dit is vir die kurrikuleerder van belang om te besef dat die inhoude en leerervarings wat aan die leerder voorgehou word, uiteindelik ook die aard van die inhoud van die volwassenheid van die persoon bepaal. Kultuureise word as een van die oorwegings wat geld vir die kurrikulering ten opsigte van die leerder gestel (De Lange-verslag, 1981(6):48). Kurrikulering het met kultuuroordrag te make en die uiteenlopende kultuurverskille is 'n faktor by kurrikulering (De Lange-verslag, 1981(6):49). Een van die sentrale funksies van die kurrikuleerder is om vir elke kurrikulum die aard en omvang van die leerinhoud te bepaal. Vakgewys is die leerinhoud die vakinhoud. Kultuurhandhawing en -uitbouing is een van die oorwegings wat 'n spektrum vorm waarbinne die inhoude geselekteer moet word en wat beklemtoning aan die inhoude gee (De Lange-verslag, 1981(6):50). Hierdie aspek beklemtoon weer eens die belangrikheid van kulturele ontwikkeling wat impliseer dat die eie kultuur gehandhaaf en begrip vir die ander se kultuur ontwikkel moet word.

> *"Kurrikulumdoelstellings verantwoord (meestal implisiet) sake soos kurrikuleerders se mensbeeld (kinderbeeld), hulle idee van kennis en die invloed daarvan, wetenskapsbeskouing, opvoedkundige filosofie en lewens- en wêreldbeskouing, en daarmee saam hulle beskouing oor die samelewing." (De Lange-verslag, 1981(6):53).*

Die doel is dat die kurrikuluminhoude die leerder sal konfronteer sodat hy as 'n ontwikkelde mens 'n positiewe bydrae tot die samelewing kan maak. Die uiteindelike doelstelling wil vir die kind 'n lewens- en wêreldbeskouing vestig. Die langtermyndoelstellings beoog 'n uitbreiding of verdieping van die leerder se insigte en houdings sodat die leerder oor die langtermyn toegerus sal wees vir die samelewingseise. Daar moet gepoog word om deur die regte formulering van hierdie doelstellings mense te lewer wat in 'n regverdige samelewing optree en *"... om die wisselwerking tussen hulle partikuliere kultuur en kulturele waardes en die breë kultuur en waardes van die breër samelewing te versoek binne 'n dinamiese interaksie" (De Lange-verslag, 1981(6):54).*

Dit is uit die voorgaande duidelik dat kultuur as sodanig implisiet by kurrikulering betrokke is en moet wees. Daar moet deur kulturele ontwikkeling gepoog word om die kind tot volwaardige mens te help ontwikkel. Dit geld sy gesonde waardes van eie kultuur en dié van ander, sy positiewe bydrae tot die samelewing, die vestiging van sy lewens en wêreldbeskouing en die ontwikkeling tot 'n volwasse houding ten opsigte van alle lede van die samelewing.

## 1.2 Kulturele aangeleenthede in die onderwysbeleid

In hierdie bespreking oor onderwysbeleid word kulturele aangeleenthede van slegs die Oranje-Vrystaat en die Transvaal genoem. In die lig van die verskillende rasse wat in die R.S.A. saamwoon, is die ontwikkeling van begrip, waardering en samewerking tussen die verskillende volksgroepe noodsaaklik vir 'n vreedsame naasbestaan. In hierdie verband word die kulturele ontwikkeling van eie volkskultuur by die kind beoog. Die Transvaalse Onderwysdepartement

s.a.:69,70) streef na waardering en begrip deur die aanbied van immigrante-aande waar immigrante-ouers kan inskakel deur die aanhoor van volksliedjies gesing deur hul kinders. Kulturele inskakeling word verder bewerkstellig deurdat immigrante-ouers en -kinders aan programme van Suid-Afrikaanse nasionale vakansiedae vir bekendstelling aan Suid-Afrikaanse geskiedenis en tradisies blootgestel word. Vir eie kulturele vorming, word die kinders betrek by volksdagvieringe soos Republiekdag en Stigtingsdag (T.O.D., s.a.,360,361). Patriotisme word gestimuleer en goeie burgerskap gekweek deur die huldiging en eerbiediging van die landsvlag en volkslied aan te moedig (T.O.D.,s.a.:364). Deur middel van jeugkore en -orkeste word 'n bydrae tot die eie kultuurbevordering van die jeug gelewer (T.O.D.,s.a.:50).

Een van die doelstellings van jeugweerbaarheid van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat is dat die opvoeding tot die skepping en bevordering van goeie en gesonde menseverhoudinge tussen alle bevolkingsgroepe aangespoor behoort te word (O.V.S. Onderwysdepartement, 1983a:21). Die leerstof vir geesteswerbaarheid word onder andere onder die tema "Menslike verhoudings en Lewenswaardes" aangebied (O.V.S. Onderwysdepartement, 1983a:3) Onder die term "Burgerskap" word die onderwerp "Die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika" behandel wat die skepping en bevordering van goeie en gesonde menseverhoudinge tussen alle bevolkingsgroepe, soos bo vermeld, beoog. Die aspekte wat hierby ingesluit word, is die eise wat die besondere bevolkingsamestelling aan al die inwoners stel, gemeenskaplike bande wat bestaan, die belangrikheid en noodsaaklikheid van onderlinge begrip vir mekaar en die opbou en handhawing van gesonde intervolkere-verhoudings. Die gebruik van films en kontak met ander volksgroepe word aanbeveel (O.V.S. Onderwysdepartement, 1983a:5). Dit is duidelik dat die kind van jongs af gelei kan word tot 'n stewige kulturele insig, kennis, ervaring en waardering wat 'n bydrae tot die begrip vir en handhawing van intervolkere-verhoudings kan lewer.

## 1.3 Kulturele doelstellings van sekere skoolvakke

In aansluiting by die vorige bespreking van kultuur in die kurrikulering kan doelstellings van etlike vakke op skool wat kulturele ontwikkeling beoog of ten doel het, genoem word.

Uit sekere algemene en spesifieke doelstellings soos uiteengesit in bestaande sillabusse vir sekere vakke van primêre en sekondêre skole in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat is die kultuur eksplisiet na vore gebring. Die waardering en uitbouing van eie kultuur sowel as kennis van en waardering vir ander kulture wat dan tot 'n beter begrip en verhoudinge kan lei, word duidelik gestel.

In die Sillabus vir Skoolsang vir die Laerskool (T.O.D., 1978d: 17-34) word die aanleer van volksliedjies, vaderlandsliedere en die volkslied voorgeskryf. Alhoewel daar nie 'n eksplisiete doelstelling in vervat is nie, is kennis en waardering vir die eie kultuurgoedere wel bedoel. Dieselfde geld in die Oranje-Vrystaat uit die Nuwe Sillabus vir Klasmusiek (O.V.S., 1981:5-11).

Die volgende is voorbeelde van sillabusbepalings van die onderwysdepartemente van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat vir eksamenskoolvakke wat betrekking het op kulturele vorming.

Aardrykskunde

> *"...om geïnteresseerd te raak in die mense van die aarde waarop hulle leef met die doel om die mense van hulle eie land en die mense van ander lande en nasionaliteite te waardeer en te verstaan ten einde meer verdraagsaam en meer simpatiek in hulle gesindheid teenoor ander te word".*
> *(T.O.D., 1978b:2)*
>
> *"om leerlinge te lei tot nadere kennismaking met ander lande en volkere van die wêreld. Om die leerling 'n begrip van menslikheid te laat ontwikkel deur hom aan te moedig om belang te stel in sy eie land se vraagstukke en simpatiek te staan teenoor ander volke en hul*

*vraagstukke en 'n duidelike besef te kry van die onderlinge afhanklikheid van die nasies van die wêreld".*
*(O.V.S. Onderwysdepartement, 1981a:1,2).*

*"... dat leerlinge op die langtermyn by 'n gemeenskap wat snelle en verreikende sosiale, ekonomiese en staatkundige veranderinge ondergaan, kan aanpas".*
*(O.V.S. Onderwysdepartement, 1984a:2).*

Geskiedenis

*"Die bewusmaking van die erfenis van die verlede (nasionaal en internasionaal) moet die kind leer om meer waardering te betoon vir die bydraes van mense van die verlede tot die hede ten opsigte van tradisies, monumente, kultuur".*
*(T.O.D., 1976:1).*

*"... om op te voed tot staatsburgerlike verantwoordelikheid wat onder andere kulturele vorming behels: opbou van 'n begrip van eie tradisie, aankweek van eerbied vir eie kultuur en geestesgoedere en vir dié van ander volkere".*
*(T.O.D., 1972c:2).*

*"... om by te dra tot die ontwikkeling van positiewe houdings, waardes, begrip en waardering van hulle erfenis en dié van ander volkere en kulture".*
*(O.V.S. Onderwysdepartement, 1984b:2).*

Duits

*"... voorbereiding vir basiese kommunikasie in die teikentaal en bekend te stel met tersaaklike aspekte van die Duitse kultuur".*
*(O.V.S. Onderwysdepartement, 1984c:1).*

Frans

*"Die aanbieding van Frans as vreemde of derde taal het as algemene doel die waardering vir die Franse taal en beskawing te bevorder en om die leerlinge bekend te stel met die kultuur van die Westerse wêreld deur middel van 'n kennis van sy vernaamste verteenwoordigende tale.*
*(T.O.D., 1972b:1).*

Tswana

> *"... om met die swartman in sy eie taal te praat en te wil praat. Dan alleen kan die doel ons lei tot wedersydse respek en 'n beter verstandhouding". (T.O.D., 1983b:1)*

Suid-Sotho

> *"... om die leerling deur die onderrig tot 'n begrip van die Bantoe en sy kultuur te bring ten einde wedersydse betrekkinge te bevorder" (O.V.S. Onderwysdepartement, 1977:2).*

Dit wil voorkom asof "sosiale studie" ten doel het om kennis, begrip en waardering te kweek en om belangstelling te stimuleer in die eie kultuur asook dié van ander. Dit het langtermyn effekte in die vooruitsig wat eienskappe soos verdraagsaamheid, simpatie, menslikheid, goeie waardes en 'n positiewe gesindheid, insluit. Die totale perspektief stuur af op aanpasbaarheid binne 'n veranderende gemeenskap.

Uit die voorgaande kan afgelei word dat vreemde tale as derde taal, as verrykend gesien word. Kennis van die taal en die vermoë om deur middel van die taal te kommunikeer word as die belangrikste doelwit beskou, maar daarmee gaan gepaard die waardering van die taal en die taalgroepe. Met die aanleer van die taal van 'n Swartgroep word addisioneel beoog 'n positiewe gesindheid om die taal te wil praat asook die ontwikkeling van wedersydse respek. Die skoolmusiek beklemtoon die ervaring van volksmusiek en die keuse van die inhoud sluit liedjies van die eie groep asook dié van ander groepe in.

Hierdie uitganspunte van die verskillende vakke het betrekking op die keuse van vakinhoude, maar of die onderrig doelgerig toegespits is op die bereiking van hierdie doelstellings, lê in die hande van die leerkrag. Dit is duidelik dat by die kultuurverwante skoolvakke kultuurdoelstellings eksplisiet geformuleer word as 'n aanduiding van relevansie en belangrikheid. Wat reeds by die kind

vasgelê kan word, dra vrugte in die latere lewe wat betref beter volkereverhoudinge as gevolg van die beter insig in en waardering vir die kultuur van ander volke.

## 2. SILLABUS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

### 2.1 Oriëntering en amptelike beleid

Die aanloop tot die totstandkoming van die nasionale Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding het reeds in 1930 in aanvang geneem. Gedurende hierdie jaar is Die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding aangestel. Hierdie Raad het in 1939 besluit om sillabusse vir Liggaamlike Opvoeding op te stel. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat bogenoemde raad intussen geïnkorporeer het, het tussen die jare 1941 en 1961 verskeie boeke wat as naslaanbronne in verband met Liggaamlike Opvoeding uitgegee. Later is van hulle as sillabusse gebruik. Die onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat het 'n sillabus in 1962 die lig laat sien, en 'n hersiene uitgawe is in 1963 gedruk. Intussen het die Onderwysdepartement van Transvaal ook in 1961 'n sillabus uitgegee. Vanaf 1963 is kernsillabusse opgestel onder die Komitee van Onderwyshoofde om groter koördinasie te verkry. In hierdie stadium het die sillabusse van Liggaamlike Opvoeding in benadering van mekaar verskil (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:1).

In 1967 is 'n kerngroep dames bestaande uit verskeie inspektrises, asook 'n werkkomitee van dosente by SAVSLOR-kongres saamgestel. 'n Sillabuskomitee, met behoud van die werkkomitee, is in 1968 saamgestel. Die kerngroep vergader gereeld en in 1972 verskyn die nuwe sillabus as die eerste Nasionale Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies wat amptelik deur alle onderwysdepartemente voorgeskryf word (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:2-3). Die 1972-sillabus is tot op datum nog in gebruik. Na die vrystelling in 1972 is aanvaar dat dit na 'n proeftydperk van 5-8 jaar hersien sal moet word (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:10).

Met betrekking tot die hersiene sillabus word tans volstaan met die Hersiene Sillabus wat voorgelê is by die Nasionale SAVSLOR-kongres van 1984, (Wienand, Campbell, 1984) en wat in 1986 geïmplementeer sal word.

## 2.2 Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies (1972)

Om perspektief te kry van die volksdansprogram van die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies (1972) is dit nodig om die inhoud en persentasie tydstoekenning vir elke program van die dansafdeling te skets.

Volgens die skoolplan is die tydstoekenning vir Dans (subjektiewe benadering) in die Algemene Program en in die Algemeen/Spesifieke Program elk 12½ - 25% en in die Spesifieke Program vir St. 8,9 en 10, 25 - 37½% van die beskikbare tyd. In die subjektiewe benadering-afdeling vir Graad 1 en 2 en st. 1, 2 en 3 word tradisionele passies aangebied met sangspeletjies as toepassing vir die lesse met die affektiewe- en sosiale ontwikkeling as doelstelling. Die tradisionele passies sluit volksdanspassies in, soos glypassies, halfdraai-polka, walspassies met verskillende variasies in beweging en bewegingsverbindings (Departement van Nasionale Opvoeding, 1972:44,45). In die Algemeen/Spesifieke Program word daar hoofsaaklik aandag gegee aan kreatiewe dans en word die volgende tradisionele passies ingesluit: tree-hup, polka, "Pas de Basque", tiekiedraai, "Schottische", Mazurka, Wals, Polonaise, Tango, Vastrap, Minuet en Gigue (Departement van Nasionale Opvoeding, 1972:90). Hierdie word as deel van kreatiewe of skeppende dans in die opvoedkundige konteks met net die aanraak van eenvoudige volksdans as toepassing van geselekteerde passies gebruik. Die Spesifieke Program bestaan uit Volksdans, Opvoedkundige Dans en Ritmiese Beweging met Handapparaat (Departement van Nasionale Opvoeding, 1972:150). Twee volksdanseenhede moet oor die drie jaar aangebied word volgens eie keuse uit die volgende:

1. Volgens lande: nasionale danse van Lande; volksdanse met 'n spesifieke tema, doel of voorstelling (bv. godsdienstig, spesifieke seremonies of alledaagse aktiwiteite); tradisionele passies met spesifieke stylvereistes, asook variasies van ritme en kwaliteit soos dit in verskillende lande voorkom (bv. die Duitse, Finse of Fillipynse polka).

2. Volgens kennis van kulturele en ander aspekte byvoorbeeld geskiedkundige, geografiese en sosiale agtergrond; tradisionele kostuums; spesifieke volksgeleenthede; musiek en instrumente vir begeleiding; ontleding van paskonstrukte, formasies en formasiewisseling; vorm in komposisie en uitvoeringsvereistes. (Departement van Nasionale Opvoeding, 1972:150).

Volksdans word slegs in die volksdanseenhede aangebied. Volgens Katzenellenbogen (1984:3) is die tydstoekennings volgens die onderafdelings van Dans (Sillabusvoorskrifte) respektiewelik vir Kreatiewe Dans 80%, Sosiale Dans 10% en Ritmiese Beweging 10%, teenoor 54% 28% en 18% van die beskikbare tyd vir die Hersiene Sillabus wat vorentoe bespreek sal word. Dus is die aantal periodes of tyd wat tans aan volksdans bestee word, min. Die vasgestelde hersiene Sillabus wat in 1986 geïmplementeer sal word, maak voorsiening vir Groepdans, Volksdans en Etniese Dans met die totale tydstoekenning van 28%. Ten opsigte van die lae persentasie tydstoekenning aan volksdans, gerugsteun deur die belangrikheid van die kulturele ontwikkelingsfaset soos vroeër in die hoofstuk bespreek, is hierdie ondersoek en studie van navorser 'n poging om 'n bydrae te maak tot die vul van dié leemte.

## 2.3 Evaluering van die 1972-Sillabus

Katzenellenbogen en Wiid (1980:11) meld dat die voorneme om die sillabus na 5-8 jaar te hersien uitgekristalliseer het in 'n komitee met die opdrag om die sillabus vir meisies te hersien. Die

ondersoek vir evaluering is moontlik gemaak deur 'n navorsingstoekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Die hoofprobleem van die evaluering van die voorgeskrewe inhoud en toepassing daarvan het die volgende sub-probleme ingesluit:

Die vasstelling van die huidige toedrag van Liggaamlike Opvoeding vir Meisies en die gebruik van die sillabus in skole in die Republiek; die bepaling van die geskiktheid en bruikbaarheid van die inhoud van die sillabus volgens die opvoedingsbehoeftes; die vasstelling van die huidige behoeftes en belangstelling van die meisie in die gemeenksap; die bepaling van probleme wat ondervind word met die samestelling, interpretasie en implementering van die sillabus; die bepaling van aanbevelings vir die bevordering van Liggaamlike Opvoeding op skool (Katzenellenbogen & Wiid, 1980: 11).

Die gegewens is ingesamel deur middel van die gebruik van ses vraelyste. Vraelys 1 se eerste deel is deur die prinsipaal en/of 'n Liggaamlike Opvoeding-onderwyseres voltooi in sake inligting oor die skool, organisasie van Liggaamlike Opvoeding en fasiliteite en apparate. Die tweede deel het gehandel oor die opleiding, ondervinding, huidige amp van die onderwyseres en haar program wat sy daardie jaar gevolg het. Vraelys II is voltooi deur geselekteerde onderwyseresse wat met die sillabus gewerk het. Inligting is verkry deur hulle kritiese beskouing in verband met inhoud en implementerings van die sillabus.

Vraelys III, wat inligting oor die gedetailleerde inhoud gegee het asook algemene opmerkings oor hersiening van die sillabus, opleiding en 'n futuristiese siening van die vak, is gerig aan dosente van opleidingsinrigtings. Vraelys IV se inligting het gekom van leerlinge van St 7 tot St 10, rakende hulle siening van die vak en hul belangstelling in die afdelings. Aspekte soos inhoud, doel en evaluering is ook gedek. Vraelys V is gerig aan inspektrises en handel oor persoonlike gegewens, administratiewe aspekte, pligte, probleme in die praktyk en voorstelle

vir hersiening. Vraelys VI is 'n meningsvraelys wat aan dosente gerig is om kriteria te stel vir die ideale omstandighede en kriteria vir die minimum vereistes. Die vraelyste is eers getoets en goedgekeur. Die gegewens is oor 'n tydperk van 2½ jaar ingesamel. Vorderingsverslae is jaarliks voorgelê aan inspektrises en dosente en inligting oor toekomstige beplanning is verskaf (Katzenellenbogen & Wiid, 1980: 14,15,16).

Na aanleiding van die bevindinge van die evaluering het sekere voorstelle uitgekristalliseer. Die volgende is 'n geselekteerde samevatting van voorstelle van die respondente met die oog op die hersiening van die sillabus: Die doelstellings van die vak moet uitgebrei en gekoppel word aan die uiteindelike betekenis daarvan vir die leerlinge. Wat die inhoudelike van die sillabus betref, is voorgestel dat die programinhoud en voorskrifte daadwerklik moet tred hou met die belangstelling van leerlinge, veral by die Spesifieke Program. Hierdie program moet 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite aanbied en meer tyd moet aan Spele/Sport en Dans toegesê word en minder tyd aan Gimnastiek. Die sillabus moet na 'n paar spesifieke wysigings en korreksies in wese behou word en meer meegaande handleidings moet beskikbaar gestel word. Wat beplanning betref, word voorgestel dat die toesegging van sekere standerds vir die drie programme heroorweeg moet word; dat die leerlinge geleentheid gebied moet word om deel te hê aan die beplanning van die jaarplan. In verband met opleiding is gevoel dat gespesialiseerde opleiding verskaf moet word en opknappingskursusse meer gereeld aangebied moet word; dat voormalige Liggaamlike Opvoedingonderwyseresse tydens opleiding deeglik voorberei moet word om die sillabus te implementeer; dat slegs onderwyseresse wat vir Liggaamlike Opvoeding opgelei is, in Liggaamlike Opvoedingposte aangestel moet word. Verder word 'n beperkte deelname aan ko-edukasie-aktiwiteite en die uitreiking van rapporte voorgestel. Laastens word aanbeveel dat 'n daadwerklike poging aangewend moet word om die status van die vak te verbeter (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:388,389).

Hieruit is sekere aanbevelings gemaak, naamlik dat die sillabus-

inhoud en -voorskrifte hersien moet word, en dat vakkundiges handleidings as aanvulling vir die sillabus moet voorsien (Katzenellenbogen en Wiid, 1980:392). Hierdie studie is relevant ten opsigte van hierdie aanbevelings.

Tot 1980 is net enkele Afrikaanse volkspele van Suid-Afrika en hoofsaaklik internasionale volksdanse aangebied. Min aandag is oor die algemeen geskenk aan volksdanse wat die eie identiteit verteenwoordig. 'n Bevinding met die evaluering van die sillabus soos aangedui deur 480 skoolmeisies, was rigtinggewend vir die hersiening van die Volksdansafdeling van die sillabus. Die aanbeveling deur die meisies het soos volg gelui:

> *"Meer etniese en volksdanse, veral van die Suid-Afrikaanse etniese groepe, moet aangebied word in plaas van volksdanse van ander lande wat nie by ons kultuur pas nie." (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:262).*

Dit is van belang om te begryp wat met "ons" kultuur bedoel word. "Ons" kultuur impliseer kultuur wat van Suider-Afrikaanse bodem is.

Min Afrikaanse skole het volkspele gedoen. Die gevolg was 'n gebrek aan eie kultuur in hierdie verband. Maar ten spyte van bogenoemde tekortkoming bestaan die behoefte tot die uitbou van kennis van volksdanse uit eie bodem. Dit impliseer die aanleer van danse van ander groepe, dit wil sê ander taal- en etniese groepe. Die probleem bestaan egter dat die leerstof vir sodanige danse nie beskikbaar is nie. Daarom is 'n aanbeveling na aanleiding van die evalueringsverslag gedoen, dat vakkundiges handleidings daargestel moet word (Katzenellenbogen & Wiid, 1980:392).

## 3. DIE HERSIENE SILLABUS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

### 3.1 Programme en doelstellings

In plaas van die drie programme soos in die 1972-sillabus vervat, word in die hersiene sillabus nou vier programme vir die onderskeie skoolfases voorgestel:

Junior Primêre fase: Ontdekkingsprogram - Graad 1 en 2, St. 1.
Senior Primêre fase: Bemeesteringsprogram - St. 2 - 4.
Junior Sekondêre fase: Verfyningsprogram - St. 5 - 7.
Senior Sekondêre fase: Verrykingsprogram - St. 8 - 10.
(Wienand & Campbell, 1984:1).

Elke fase het dieselfde doelstellings, naamlik bewegings-, fisieke, affektiewe, sosiale en kognitiewe ontwikkeling. Die inhoud verskil om aan te pas by elke ontwikkelingsfase van die dogter. Hierdie aspek verskil dus van die 1972-sillabus en is meer op die ontwikkeling en behoeftes van die verskillende ouderdomsgroepe ingestel. Kultuur word gemeld onder die sosiale ontwikkelingsdoel en is by die latere fases outomaties ingesluit by die kognitiewe ontwikkeling soos gestel deur Wienand & Campbell (1984: 9,11,13).

In die Bemeesteringsprogram kan sosiale ontwikkeling verkry word tydens deelname aan bewegingsprogramme waarin situasies geskep word ter bevordering van interpersoonlike verhoudings asook leierskap en volgelingskap. Sekere bewegingsafdelings sowel as die waardering van eie kultuur sal bevorder word. In die Verfyningsprogram kan sosiale ontwikkeling verkry word tydens deelname aan bewegingsprogramme waarin situasies geskep word ter bevordering van interpersoonlike verhoudings, veral wedersydse aanvaarding en verantwoordelikheid teenoor mekaar asook sportmanskap. In sekere bewegingsafdelings sal die waardering van eie kultuur bevorder word. In die Verrykingsprogram word sosiale ontwikkeling verkry tydens die deelname aan programme waarin situasies geskep word ter bevordering van interpersoonlike verhoudings, insluitend leierskap en volgelingskap, burgerskap en maatskaplike verantwoordelikheidsin asook samewerking met die ander geslag. Die kultuur van ander sal nou aandag geniet. (Wienand & Campbell, 1984:9,11,13).

Insette van teoretiese kennis in kulturele verband sal geïmplementeer word vanaf die Verfyningsprogram want waardering van kultuur sluit kennis en begrip in. Uit die sosiale doelstellings soos bo genoem,

kom die kulturele ontwikkelingsfaset van waardering, kennis en begrip na vore vir eie kultuur, dan vir eie en ander kultuur en in die laaste fase vir ander kultuur.

## 3.2 Inhoud

Aangesien die inhoud later breedvoeriger bespreek word, word net die hoofinhoudelike aspekte in hierdie stadium gegee. Die Ontdekkingsprogram bestaan uit die Funksionele (objektiewe) en Ekspressiewe (subjektiewe) bewegingsafdelings (Wienand & Campbell, 1984:2). Laasgenoemde behels Kreatiewe Dans. Groepdanse onder Sosiale Dans word ook nou ingesluit (Katzenellenbogen, 1984a:1). Die Bemeesterings-, Verfynings- en Verrykingsprogramme bestaan uit Dans, Gimnastiek, Spele en Wateraktiwiteite met bykomende spesiale afdelings in die Verrykingsprogram (Wienand & Campbell), 1984:7,8).

Dans in die bogenoemde drie programme behels Kreatiewe Dans, Sosiale Dans en Ritmiese Beweging met Handapparaat. Sosiale Dans behels Volksdans, Etniese Dans en Gemeenskapsdanse (Katzenellenbogen, 1984a:1-3).

## 3.3 Beplanning

Vir die Ontdekkingsprogram word 12½ - 25% van die beskikbare tyd toegeken vir die Ekspressiewe Bewegingsafdeling; vir die Bemeesteringsprogram 20 - 30%; vir die Verfyningsprogram 25 - 35% en vir die Verrykingsprogram 15 - 25%, 15 - 30%, 15 - 35% vir St. 8, 9 en 10 onderskeidelik (Wienand & Campbell, 1984:2,3).

In die Ontdekkingsprogram, dit wil sê Graad 1 en 2 en St. 1, word 10 - 20% tyd vir Kreatiewe Dans en 5% vir Groepdanse toegeken. In die Bemeesteringsprogram word 25% vir die Kreatiewe Dans en 5% aan Volksdanse toegeken.

In die Verfyningsprogram is die tydstoekenning soos volg: St.5 - Kreatiewe Dans 15%, Sosiale Dans (volksdanse) 5 - 10% en Ritmiese

Beweging met Bal 5 - 10%. St. 6 - Kreatiewe Dans 20%, Volksdans 10%. St. 7 - Kreatiewe Dans 25% en Ritmiese Beweging met Lint 10%.

In die Verrykingsprogram is die tydstoekenning soos volg: St. 8 - Kreatiewe Dans 15% en Etniese Dans 10%. St. 9 - Kreatiewe Dans 10% en Sosiale Dans 10%. St. 10 - Kreatiewe Dans 8%, Sosiale Dans 10% en Ritmiese Beweging met gekose handapparaat 12%. Onder Sosiale Dans word Volksdans reeds vanaf St. 1 - 7 en Etniese Dans in St. 8 aangebied. Die persentasie is aangedui volgens die aantal lesse soos Katzenellenbogen (1984a:1-3) dit stel en volgens die realistiese aantal periodes vir elke 10% volgens Wienand en Campbell (1984:4).

## 4. VOLKSDANS IN DIE DANSAFDELING VAN DIE SILLABUS

### 4.1 Oorsprong en betekenis van Volksdans

Voordat die opvoedkundige bydrae van volksdans of etniese dans tot die Liggaamlike Opvoedingprogram vir Meisies bespreek word, word ŉ kort oorsig van etniese en volksdans gegee om die oorsprong en betekenis te skets.

Kraus (1981:244) beskou etniese dans as die term wat gebruik word om tradisionele danse te beskryf wat gedans word in ŉ sekere streek of deur ŉ sekere volk of nasie. Die etniese danse vorm deel van die samelewing se kulturele erfenis. ŉ Kenner van etniese dans, Joukowsky,(1965:1) beklemtoon dat etniese dans gedans word deur die mense in die oorspronklike plek en dat die vorm van die dans dieselfe is as die oorspronklike. Etniese dans word oorgedra as vaste bewegings, soos ŉ museumstuk, wat ŉ stuk kultuur en kennis van die volk verteenwoordig, ook vir die toekoms. Die dans word oorgedra na ŉ ander plek of aan ŉ volgende generasie sonder enige verandering. Volksdans word beskryf as ŉ dans wat oorspronklik ŉ etniese dans was, maar wat verander het met die oordraging daarvan deur die jare.

Volgens Kraus (1981:244,245) is etniese dans nou verweef met die nasionale geskiedenis, sosiale gewoontes en godsdiens van ŉ volk. Die term is afgelei van die Griekse woord "ethnos", wat mense beteken. Hy meen verder dat etniese dans gedans word deur die kulture van Asië, Afrika, Latyns-Amerika, Spanje, Joego-Slawië, Indonesië, Japan, Indië en ander Europese volke wat die historiese dans onveranderd behou het. Suid-Sotho-dans kan as etniese dans beskou word aangesien dit nou verwant is aan en vervleg is met die kultuur van die Suid-Sotho. Die tradisionele Suid-Sotho-danse van Qwaqwa word net deur die Suid-Sotho gedans en het basies dieselfde gebly ten spyte van oordraging, met min verandering, alhoewel tekens van transkulturasie plek-plek voorkom.

Volksdans word deur Mynatt en Kaiman (1968:1) as die oudste vorm van dans beskou en hulle beweer dat die mens se lewe deur die dans gereflekteer word. Emosies, werksaktiwiteite, aanbidding, oorlog, saai en oes, hofmakery en huwelike word in die dansbewegings uitgedruk wat as ŉ vorm van kommunikasie en ŉ segswyse figureer. Volksdans het soos volksages ontstaan in sekere geografiese en kulturele areas en is dan van geslag tot geslag oorgedra. Volksdans word deur Mynatt en Kaiman (1968:i) gedefinieer as die uitdrukking of ekspressie van die mens deur beweging in ritmiese patrone waarvan die styl bepaal word deur die tradisie van ŉ bepaalde area. Volksdans het egter met die oordraging baie variasies gekry en veranderinge ondergaan. Mynatt en Kaiman (1968:1) konstateer dat baie mense geïnteresseerd is in volksdans weens die rekreatiewe waarde. Dit word nog in die landelike dele van die meeste lande deur almal op troues, familiebyeenkomste en ander feestelike geleenthede gedans en vorm ŉ integrale deel van die lewe van menige volk.

## 4.2 Opvoedkundige waarde van volksdans

In die V.S.A. is volksdans aan die begin van die eeu ingesluit in die liggaamlike opvoedingkurrikula danksy Ann Barr en Elizabeth Burchenal. Vandag vorm dit ŉ integrale deel van die kurrikulum

omdat dit nie net bydra tot die doelstellings van liggaamlike opvoeding nie, maar tot die breër doel van die opvoeding. Volksdans is met belewenisse soos genot, sosialisering, selfuitdrukking en die kweek van belangstelling en kennis van ander volkskulture gekoppel (Mynatt & Kaiman, 1968:1,2).

Die sosiale en kulturele waarde word deur Murray (1963:333) ondersteun. Deelname aan volksdans dra by tot aanpassing met betrekking tot groepverhoudinge deur bewegingservaring met 'n maat of in 'n groep wat die interaksie tussen leerlinge verryk. Die kulturele waarde word ervaar in volksdans as aanvulling tot "sosiale studie." Aansluitend hierby beskou Kraus (1962:2) volksdans as 'n unieke en waardevolle vorm van groepsaktiwiteit wat kan bydra tot interkulturele verstandhouding en algemene fisieke gesondheid. Dit is dus geen wonder dat volksdans 'n belangrike deel van die Liggaamlike Opvoedingprogram in Amerikaanse skole vorm nie.

Kraus (1962:3) deel die waarde van volksdans volgens vier kategorieë in, naamlik die fisieke, kulturele, sosiale en rekreatiewe. Wat kulturele waardes betref, word volksdans beskou as 'n ideale middel waardeur goeie begrip en respek vir ander kulture ontwikkel kan word. Hy beklemtoon ook die kulturele waarde vir eie groepsidentiteit en ander groepe. Die aanleer of studie van volksdanse dien as aanknopingspunt vir kennis van historiese tydperke van hul eie land aansluitend by sosiale studie, kennis van musiek, taal en drama-aktiwiteite (Kraus, 1962:4). In verband met die sosiale waardes meen hy dat die deelname aan volksdans die kind of deelnemer leer om in groepsverband saam te werk en om verantwoordelikheid in die groepsituasie te leer deur sy bydrae tot die dans. Goeie sosiale gedrag word aangeleer en die deelnemer ervaar 'n gevoel van groepsverbondenheid wat bydrae tot 'n goeie selfbeeld en die geluk van ander (Kraus, 1962:4).

La Salle (1951:3) en Duggan et al. (1948:27,28) beklemtoon die waarde van volksdans in die skoolprogram in kulturele verband. Die potensiële opvoedkundige voordele en waarde van volksdans vir

die bewegingsontwikkeling kan volgens Hayes (1964:242) soos volg opgesom word: die verbetering van spierkoördinasie en fisieke uithouvermoë, die ontwikkeling van 'n kinestetiese bewustheid en ritmesin, die opdoen van kennis van spesifieke passe, ritmiese strukture, bewegingskwaliteite en dansstyl, die ontwikkeling van sosiale interaksie, geleentheid vir ekspressiewe interpretasie deur kreatiewe choreografie wat stemming en styl betref, waardering van die kultuur en gewoontes van ander volke.

## 4.3 Inskakeling by die doelstellings van Liggaamlike Opvoeding

Die belangrikheid van die kulturele waarde asook die bydrae van volksdans tot ander vakke dien as ondersteuning van insluiting van volksdans as bewegingsvorm in die Liggaamlike Opvoedingprogram.

Volksdans is reeds vir jare met welslae in die skoolkurrikulum vir Liggaamlike Opvoeding vir meisies geïmplementeer. Die kulturele ontwikkeling skakel met die sosiale, affektiewe en die kognitiewe doelstellings. Die deelname aan volksdans dra eksplisiet by tot die sosiale doelstelling wat betref die ontwikkeling van interaksie en verantwoordelikheid teenoor die groep; selfontdekking en selfvertroue (die danse bied uitdaging vir die bemeestering daarvan). selfuitlewing en genot; gesonde groepverhoudings en die ontwikkeling van groepsamehorigheid; kultuurwaardering (volksdans dra by uitstek by om ander kulture te leer waardeer). Kennis word opgedoen van geografiese streke waar die verskillende danse ontstaan het en gedans word, kostuums, musiek en die funksie en betekenis van die danse. Dit dra by tot kennis en begrip van ander kulture, wat die kognitiewe ontwikkeling vorm. Die musiek van die verskillende lande se danse verskil wat ritme, melodie en stemming betref en die musiek is dus 'n goeie stimulant vir die gehoorontwikkeling wat 'n uitbreiding van kognitiewe ontwikkeling is (Departement van Nasionale Opvoeding, 1972:4). Vir die suksesvolle ervaring van die danse moet die danse aangeleer en ingeoefen word (bewegings- en fisieke ontwikkeling) sodat die uitvoering van die dans kan ontplooi in die beoogde kulturele belewing.

## 4.4 Inhoud en beplanning

Om die eindpunt en -produk van die inhoud in die hoër standerds te begryp, is dit nodig om ook die inhoud van die laer standers te noem soos wat dit aanbeveel word. Volgens die voorgestelde inhoud vir die hersiene sillabus word die inhoud van die afdeling, sosiale dans soos volg progressief ontwikkel (Katzenellenbogen, 1984: 1,2,3):

### Ontdekkingsprogram

Sub A: groepsdanse (sangspeletjies)
Sub B: groepsdanse (aksiedansies/liedjies)
St. 1: Afrikaanse volkspele en Engelse volksdansies volgens eie taalgroep

### Bemeesteringsprogram

St. 2: Volksdans van Europese stamlande (bv. Nederland, Engeland, Frankryk, Duitsland, ens.)
St. 3: Suid-Afrikaanse danse en eie kultuurdanse
St. 4: Volksdans van ander volksgroepe in Suid-Afrika (bv. Israel, Griekeland, Skotland, Italië, ens.).

### Verfyningsprogram

St. 5: Volksdanse van eie en ander taalgroepdanse en kulturele inligting (bv. S.A. danse, Afrikaanse volkspele, Engelse volksdanse).
St. 6: Internasionale volksdanse (bv. V.S.A., Suid-Amerikaanse lande, Rusland, Switserland, Spanje, Hongarye, Japan, Taiwan, Turkye, ens.)

### Verrykingsprogram

St. 8: Etniese danse van Suider-Afrika (Venda/Zoeloe/Suid-Sotho/Xhosa/Maleiers/Indiërs/ens.; danse en kulturele toeligting).

St. 9: Balsaaldans (ingesluit outydse danse soos Polka, Seties, Mazurka, Vastrap, ens).

St. 10: Sosiale groepdanse (vir genot en ontspanning); Suid-Afrikaanse danse, Kwadriel, Internasionaal, ens.)

Die kulturele ontwikkelingsfaset van eie kultuur, eie en ander kultuur en dan ander kultuur word uitgekristalliseer in bogenoemde dansinhoud. 'n Opvoedkundige perspektief vir die beplanning van die inhoud van die volksdansafdeling vir die hersiene sillabus berus op die volgende veronderstellings: dat die volksdansafdeling inherent bydra tot kulturele ontwikkeling wat aansluit by die affektiewe , sosiale en kognitiewe doelstellings; dat kulturele ontwikkeling die begrip, waardering en belewing van eie en ander kulture deur die medium van volksdans bevorder word; dat eie identiteit eers ondervind en gevestig moet word deur die medium van volksdans voordat inheemse en vreemde kulture kognitief geïmplementeer word; dat deur die belewing van volksdans en daarby aansluitend die kennis van ander kultuurgroepe opgedoen word, 'n positiewe houding teenoor die mense van ander etniese groepe en ander volke gekweek kan word.

Na aanleiding van die vorige vermelde voorstel van die leerlinge dat etniese danse van Suider-Afrika ingesluit moet word in die Volksdans-afdeling, is 'n navorsingsprojek geloods met die titel "Die dokumentasie en ontleding van sosio-etniese danse en musiek van bepaalde volksgroepe in Suider-Afrika in antropologiese verband" onder leiding van dr E. Katzenellenbogen en prof P.W. Grobbelaar. Die hipotese is volgens Katzenellebbogen (1981b:3) gestel dat die belewing van eie en ander kultuurgebruike 'n bydrae kan lewer tot opbouende volkereverhoudinge. In hierdie verband meld Beeton (1979:12) dat beskawende bande tussen verskillende kulture en volke gedurig gesoek moet word; dat dit goed is dat die eie gehandhaaf word, maar dat Suid-Afrika voor die gesamentlike uitdaging van behoud en mededeling te staan gekom het. Hierdie projek is feitlik afgehandel en sekere danse van die Xhosa, Zoeloe, Venda, Suid-Sotho en Afrikaanssprekendes is ontleed en gedokumenteer. Die onderwysleiers in

Qwaqwa het geen beswaar dat van die tradisionele Suid-Sotho-danse vir blanke skole gebruik word nie. Hulle verwelkom die idee van kennisverbreding en wedersydse waardering en begrip van 'n ander kultuur. In Qwaqwa word die implementering van hul danse in hul eie skoolkurrikulum beplan om waardering van die kultuureie te ontwikkel. Hulle bepaal egter dat die meisie- en vrouedanse nie deur seuns gedans mag word nie. Hierdie bepaling weerspieël hul danskultuurgebruike en behoort deur die betrokke onderwysinstansies in die R.S.A. gerespekteer te word. Op grond daarvan dat hierdie danse op skrif gestel word, sal dit bereikbaar en beskikbaar vir implementering in die sosiale dansafdeling van die hersiene Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies in blanke skole wees.

Alhoewel daar nog leemtes is in die beskikbaarheid van leerstof wat die opleiding direk raak, is die voorgestelde tydstoekenning vir etniese danse voorlopig beperk tot een eenheid in die Verrykingsprogram. Met inagneming van praktiese uitvoerbaarheid is dit aanbeveel dat elke provinsie die danse van een of twee etniese groepe kies wat sterk verteenwoordig is in hulle provinsie. Soos meer leerstof tot beskikking kom, kan dit oorweeg word om op 'n vroeër stadium etniese danse in te sluit en om die danse van nog meer etniese groepe vir 'n provinsie te oorweeg.

Wat eie kultuur betref, is danse van die Afrikaanssprekende deur volkspele goed verteenwoordig, maar daar is nog 'n leemte aangaande volksdanse vir die Engelssprekendes. Die "old-time sequence dances" verteenwoordig sosiale danse wat in die laat 19de en vroeë 20ste eeu gedans is deur die Engelssprekende en later deur die Afrikaanssprekende oorgeneem en effens gewysig is (Katzenellenbogen, 1984a). Hierdie dansvorm is een wat gemeenskaplik gedans is deur die twee Blanke taalgroepe en kan as Suid-Afrikaans beskou word. Onlangs is nuwe Suid-Afrikaanse danse in volkstrant geskep wat 'n hedendaagse idioom weerspieël (Katzenellenbogen, 1981a). Hierdie danse is beproef deur skole, jeug- en kultuurorganisasies. Die danse is spesifiek gechoreografeer met tipiese passies en paskonstrukte van die danse van Blankes, asook Kleurling- en Swartgroepe in Suid-Afrika vir die genot van die deelnemer en dit bied geleentheid tot sosiali-

sering en groepsamehorigheid (Katzenellenbogen, 1981a:ii). Hierdie danse word reeds met groot sukses in die skole vir meisies in die volksdansprogram aangebied. Redes vir die sukses hiervan kan gesoek word in die feit dat die danse, wat paskonstrukte en musiek betref, eg Suid-Afrikaans en hedendaags is. Die paskonstrukte en musiek is beide populêr by die leerlinge.

## 5. DIE IMPLEMENTERING VAN SUID-SOTHO-DANS IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING

Die volgende aanbevelings word gedoen wat inhoud, beplanning, onderrig en opleiding betref.

### 5.1 Inhoud

Vir die implementering van Suid-Sotho-danse in blanke skole is so-ŝtaal-rekreatiewe danse gekies wat kenmerkend en verteenwoordigend eie is aan die Suid-Sotho, wat aanpas by die bewegingsvermoë van die meisie en wat geleentheid bied tot interaksie en groepsbetrokkenheid. Die gekose danse is uit die aard van die saak meisie- en vrouedanse wat hoofsaaklik op verskillende geleenthede met spesifieke funksies plaasvind: die bruilofsdansie; die speldansie (albei meisiedanse); die ledingwana-vrouedans en die moqoqopelo-vrouedans. Die kleredrag vir elkeen van hierdie danse verskil en wissel van alledaags tot tradisioneel. Daarom is hierdie danse geskik om aan die betrokke doelstellings te voldoen.

### 5.2 Beplanning

Die voorstel is dat die danse in St. 8 aangebied moet word wanneer die meisie ryp genoeg is vir waardering en begrip van die kulturele belewenis van andersvolkiges met inbegrip van spesifieke kognitiewe sowel as kulturele aspekte. Die meisie moet eers in die laer standerds haar eie etnisiteit leer ken, beleef, waardeer en 'n trots en eiewaarde opbou. As sy dan vertroue gekry het in haar eie identiteit, is sy gereed om waardering vir ander te ontwikkel.

Aangesien daar by die aanbieding van die volks- en etniese danse nie net belewing beoog word nie, maar ook kennis en insig van die ander kultuur wat onder andere volkskostuums, leefwyse en geografiese area insluit, sal dit van pas wees om die Suid-Sotho-danse in die Verrykingsprogram in te sluit. Die belewenis van die ander dansies, sonder 'n kognitiewe verifiëring, word as kontakpunt in die laer standerds gebruik ter voorbereiding tot die aanbieding van hierdie etniese danse.

Die tyd wat aan die aanbieding van die Suid-Sotho-danse bestee word, moet minstens 8 lesse wees. Die rede vir so 'n aantal is sodat daar genoeg tyd sal wees om ten minste twee of drie danse aan te leer. Die begrip van die andersheid van die aksente, ritme, melodieë, musiekkonstruksie, dansstyl en passekwense sal meer tyd verg as vir die gewone Westerse volksdanse. Daar kan voorgestel word dat 25% van die 8 lesse, dus 2 periodes, vir teorie ingerig sal word. Campbell (1984) doen aan die hand dat die Suid-Sotho-danse vir eers net in Qwaqwa se aangrensende provinsie, die Oranje-Vrystaat, geïmplementeer moet word. Indien dit suksesvol is, kan dit na die proeftydperk na die ander provinsies uitgebrei word indien die skoolprogram dit kan akkomodeer.

Die etniese danseenheid kan enige tyd van die jaar aangebied word, maar verkieslik in enige van die twee somerkwartale. Die rede hiervoor is dat die danse min gedurende die winter in Qwaqwa voorkom, weens die koue en die feit dat dit normaalweg buite beoefen word. Die kultuurjuistheid sal hierdeur verstewig word.

## 5.3 Onderrig

Die leerlinge moet deeglik op hoogte gebring word met die melodieë, ritme, aksente, uitspraak van die name van die danse en passekwense, die tipiese dansstyl en uitvoering van die paskonstrukte, die tipiese opstellings, die kostuums, algemene leefwyse, die geografiese area en oorsprong van die danse. Dit is raadsaam om gebruik te maak van oudiovisuele hulpmiddels soos 'n klankskyfieprogram of films sodat

die leerlinge die dans, soos deur die etniese groep self uitgevoer, kan sien om byvoorbeeld die spesifieke styl en ritme te begryp. Die inligting van die leefwyse, geografiese ligging van Qwaqwa, die kostuums, die uitspraak en betekenis van die dans en die passekwense kan dan bespreking uitlok en kan groepprojekte stimuleer.

Die aanbiedingsmetode behoort by voorkeur direk te wees. Die onderwyseres kan 'n passekwens demonstreer met so min as moontlik verbale instruksie of die voorbeelde van die films kan nagedoen word. Die Suid-Sotho-kind leer 'n dans aan op die regte, vinnige tempo, met begeleiding. Die danse.paskonstrukte en/of passekwense word gewoonlik herhalend gedoen, dus val die kind in en dans tot sy dit bemeester het. Katzenellenbogen (1984b) onderskryf en beklemtoon dié wyse van aanleer by hierdie dansvorm: min verbale voorsê of "weersê", die kind moet kyk na die onderwyseres en leer om te luister na die klankteken wat gegee word in die musiek ("the break of the music") of deur die fluitjie vir die invalle. Daarom moet die passekwense en later die dans ononderbroke, sonder onderbreking na foute, gedoen word totdat die ritme en paskonstrukte suksesvol uitgevoer word. Hierdie benadering is tipies by Swartgroepe, dus sal die belewing 'n eg kulturele ervaring verder versterk.

## 5.4 Opleiding

Dieselfde onderrigmetodes en hulpmiddels sal vir die opleiding van onderwyseresse gebruik word. Daar kan verder aanbeveel word dat die studente persoonlike kontak met die Suid-Sotho sal hê deur 'n besoek aan Qwaqwa om die dansers op eie werf, in die skilderagtige berge, te sien dans. So 'n besoek kan gereël word deur die kantoor van die Kommissaris-Generaal van Qwaqwa met die betrokke personeel van die Buro vir Kultuur. Katzenellenbogen (1984b) beveel aan dat die studente take kan uitwerk en inligting by die Suid-Sotho self bekom. Inligting soos: wanneer hulle leer dans het, by wie hulle leer dans het, dans hulle in die Oranje-Vrystaat ook nog die tradisionele danse en watter danse, ens. kan gegee word. Neethling (1984) beveel aan dat 'n handleiding van die Suid-Sotho-danse vir die opleiding, onderrig en aanbieding geskryf en daargestel word

vir die gebruik in die O.V.S.

SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is oorweging geskenk aan die implementering van Suid-Sotho-danse in die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies aan blanke skole in die Oranje Vrystaat.

Die De Langeverslag lê 'n beginsel in hierdie verband neer wat dit stel dat erkenning verleen word aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en tale van die inwoners van Suid-Afrika. Dit impliseer dat kulture van die verskillende bevolkingsgroepe aangeraak kan word en dat kennis van die verskillende kulture oorgedra kan word. Voorts is dit vir die kurrikuleerder volgens die De Langeverslag van belang om te besef dat die inhoude en leerervarings wat aan die leerder voorgehou word uiteindelik ook die aard van die inhoud van volwassenheid van die persoon bepaal en is kultuureise en kultuuroordrag 'n ingeslote faktor.

Om kultuur in die onderwys beter te begryp, is uiteengesit dat die mens in groepsverband by sy eie kultuur en kultuurvorming betrokke is, maar dat volkskultuur nooit in algehele isolasie staan nie maar aan integrasie en verryking onderworpe is. Hierin sien die onderwys die waarde van 'n kulturele ontwikkelingsdoelstelling in verskeie vaksillabusse en is hierdie doelstellings as sodanig uiteengesit. Daar is uiteengesit dat die onderwys implisiet die kulturele doelstellings kan gebruik om beter volkeverhoudinge tussen verskillende kultuurgroepe te bewerkstellig maar dat die onderwys nie gebruik kan word om kultuur-klas- of rasverskille af te breek nie.

Ter ondersteuning van die waarde wat etniese dans vir die blanke dogter het, is kortliks aandag geskenk aan die staanplek wat die onderwysdepartemente van die Transvaal en die Oranje Vrystaat aan die kultuur gee. Dit is in die provinsies nodig geag dat die kind ook kultureel sal ontwikkel deur 'n waardering, kennis en insig van

die kultuureie en die kultuur van ander volke te ervaar.

Die doelstellings wat met kultuurontwikkeling van die leerder te make het, is uit die onderskeie musiek- Aardrykskunde-, Geskiedenis-, Duitse-, Franse-, Tswana- en Suid-Sotho-sillabusse geneem en kan soos volg saamgevat word: die leerling moet ŉ waardering ontwikkel, respek opbou en kennis verkry van die eie kultuur sowel as die van ander volkere. Hiermee word uiteindelik ook beter volkereverhoudinge beoog.

In die hoofstuk is ook ŉ kort oorsig gegee oor die totstandkoming van die nasionale sillabus en van die hersiene sillabus wat voorgelê is by die nasionale SAVSLOR-kongres van 1984. Die dansinhoud en persentasie tydstoekennings aan die verskillende dansafdelings is gegee. Min tyd word aan volksdans bestee en die belangrikheid van die kulturele ontwikkelingsfaset dra by tot ŉ hoër persentasie tydstoekenning aan sosiale dans, dit wil sê groepdans, volksdans en etniese dans, in die hersiene sillabus. Die evaluering van die 1972-sillabus het geskied deur middel van ŉ vraelysondersoek. Meer tydstoekenning vir dans en die insluiting van etniese dans was onder andere voorstelle wat uit die bevindinge gekulmineer het.

Die hersiene Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding wat programme en doelstellings betref, is kortliks uiteengesit. Die kultuurontwikkelingsfaset kom in die doelstelling van elke fase duidelik na vore. Die inhoud en beplanning is ook kortliks toegelig.

Die verskil tussen volksdans en etniese dans is uitgewys. Die opvoedkundige bydrae van volksdans is toegelig na aanleiding van die sosiale, kulturele, affektiewe, bewegings-, kognitiewe en ontwikkelingsdoelstellings van die Liggaamlike Opvoedingprogram: volksdans versterk die groepsverbondenheid in die dansgroep as sodanig, stimuleer bewegingsaspekte, gevoel vir musiek en ritme, en dra by tot die begrip, kennis en waardering vir die kultuur van ander volkere.

ŉ Oorsig is gegee oor die aanloop tot die keuse van die insluiting

van etniese danse van Suider-Afrika in die Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir Meisies in blanke skole, die inhoud van die huidige volksdansprogram en die beoogde volksdans en etniese dansprogram van die hersiene sillabus. Etniese dans moet in die hoërskool en wel in standerd 8 aangebied word wanneer die dogter sedert die primêre klasse 'n waardering en ontwikkeling vir die eie etnisiteit en die van ander volkere deurloop het en dat daar in die latere stadium op die kognitiewe aspek gelet sal word. Daar is aanbeveel dat Suid-Sotho-danse vir eers aan Vrystaatse skole aangebied sal word met 'n kort toeligting van implementering, aanbieding en opleiding.